Bylaag I. Koers, Julie—Augustus 1962.

# SOSIOLOGIE PRINSIPIEEL GEFUNDEER

*(Inougurele rede gehou by die aanvaarding van die professoraat in Sosiologie aan die P.U. vir C.H.O., op 23 Maart 1962, deur prof. dr. J. P. van der Walt).*

Hooggeagte here lede van die Raad van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys,
Hooggeleerde mnr. die Rektor van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys,
Geagte kollegas: professore, dames en here lektore,
Dames en here studente,
Dames en here.

1. *Inleiding.*

Die beoefening aan die P.U. vir C.H.O. van die vakwetenskap Sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die menslike samelewing, soos dit ook deur my ontslape voorganger beoefen is, rus hoofsaaklik op die toepassing van daardie beginsels wat wetenskaplik die suiwerste verantwoord is in die hooflyne van die Wysbegeerte van die Wetsidee.

Juis hierdie tema nl., 'n *prinsipiële fundering van die Sosiologie,* vorm die grondslag van die wetenskapsbeoefening waarop dit *kan* en *moet* plaasvind, sowel binne die kring van enersdenkendes as daarbuite, omdat dit die band vashou met die moderne wêreldwye „gemeenskaps"-denke.

2. *Doel.*

Binne hierdie omlysting is my beskeie doel tweërlei van aard: eerstens, om enkele riglyne uit te stippel vir 'n kort prinsipieel-tetiese uiteensetting van die struktuur-funksionele teorie van die menslike samelewing en tweedens, om van hier die manifestasie van die moderne sosiologisme in hooftrekke aan te dui.

3. (a) *Prinsipiële fundering van die Sosiologie.*

Sedert die grondlegging van die Sosiologie deur Auguste Comte (1798—1857) in Frankryk, is op die grondslae van Universalisme en Positivisme met elemente van sosiale statika en sosiale dinamika voortgebou. Hieruit is die verdere ontwikkelingsgang van die Sosiologie aan te dui met 'n deurlopende karakter van totaliserende denke, synde die opvatting van die ongedeelde totaalwetenskap van 'n ondeelbare samelewing.

In hierdie grondslae lê opgesluit die grondvrae van die meganistiese, biologiese, geografiese, psigologiese en kultuursosiologiese rigtings met hulle navolgers in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Sosiologie in die verskillende lande, t.w. Frankryk, Engeland, Duitsland en Amerika. Enkele verteenwoordigers hiervan is bv. Durkheim en sy volgelinge; die formele skool met Simmel, Troeltsch, Litt e.a. en by die moderne sosioloë soos Ginsberg, Sorokin, Lundberg, Gurvitch, A. Weber, ensovoorts.

Onder die lg. groep het veral Sorokin in *Society, culture and personality*, die onderskeiding en teenstelling tussen die Sosiologie en die sosiale wetenskappe uitgewerk wat vandag algemeen aanvaar word in terme van samehang, verband en wisselwerking met mekaar in die wetenskapsgebou. Daar kan dus nie sprake wees van die Sosiologie as basiswetenskap nie.

Die sosiale wetenskappe, ook genoem aspekwetenskappe, bv. die Ekonomie, die Regswetenskap, die Geskiedenis, die Sielkunde ens., het elkeen tot studieterrein *een* geselekteerde en geabstraheerde aspek uit die totaliteit van die sosiaalkulturele werklikheid waaromheen dit sy wetenskaplike sisteem van kennis omtrent menseverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse opbou.

Gesamentlik put die aspekwetenskappe nie die volle tydelike samelewingswerklikheid uit nie want, o.a. sê MacIver die volgende in hierdie verband: „scientific behavior as a form of social behavior is primarily and directly a sociological subject. Sociology alone studies social relationships themselves, society itself". Geeneen van die aspekwetenskappe bestudeer dus hierdie terrein as sodanig nie.[1])

Teenoor die aspekwetenskappe wat elkeen *een* aspek bestudeer, bestudeer die Sosiologie *al* hierdie aspekte van die sosiokulturele werklikheid *tegelyk* in hulle onderlinge samehang en verband volgens 'n eie gesigspunt. Met ander woorde, die Sosiologie is *nie* 'n allesomvattende ensiklopedie van wetenskap nie.

Die Sosiologie groei en ontwikkel dus vanaf sy ontstaan tot die hede in Positiewe Sosiologie met 'n wysgerige ondergrond. Dit is *ook* die opvatting van die algemene Sosiologie aan die P.U. vir C.H.O., nl. dat die Sosiologie struktuur-funksionele teorie van die menslike samelewing is, *maar* met die bevredigender Christelike beskouing, nl.: die Positiewe Sosiologie is in sy beskouing oor die tipiese strukture van die empiriese samelewing afhanklik van die wysgerige, terwyl die wysgerige afhanklik is van die religieuse grondmotief, wat ook sy uitgangspunt vorm.[2])

Nou is dit op grond van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing op die transendente standpunt dat die struktuurprobleem in die Sosiologie gesoek word *buite* die mens en die skepping, nl. in die Skeppingsorde. Die Godgegewe wette en norme geld dus vir die ganse skepping. Ten

opsigte van die samelewingstruktuur glo die ondersoeker, dat die mens dit deur getroue Skrifondersoek in terme van Bybelse prinsipes moet ontdek. dit moet positiveer en aktiveer in sy hart met 'n roepingsgetroue vryheid en gebondenheid in die samelewing. Hiermee is ook gesê dat die Bybel geen handboek van wetenskap is nie.

Die samelewingstruktuur is 'n samelewingsorde, waarin die kernprobleem van die Sosiologie die van maatskaplike beheer is, nl. die organiese opvatting van die menslike lewensverhoudinge. Hierin is die mens trouens die aktiewe element — die aksiesentrum in die twee-eenheid van mens en samelewing, net soos die mens, die samelewing en die kultuur 'n onverbreeklike drie-eenheid vorm waarvan die samelewing en die kultuur in relatiewe sin die produk is van sy vormende en skeppende vermoë.3)

As aksiesentrum is die mens voortdurend in kontak, wisselwerking, vervlegting en samewerking met die eenheid en die veelheid van die verskeidenheid van die sosiokulturele werklikheid, waarin en waardeur hy met sy „einmalige" geestesaard, verstandsvermoëns, aanleg, talente, neigings, emosies en geleenthede ens., tot die hoogste mate van ontwikkeling en vorming kom, eerder as in afgeslotenheid. So 'n opvatting ondervang die sg. „ewige dilemma"4) en tegelyk ook die beskouing dat die mens deur aanpassing sonder meer die produk van sy sosiale milieu kan word.

Verder kan in hierdie verband *geen* samelewingsvorm òf die samelewingstotaliteit die mens vir hom volledig opeis nie, want in die bestaansentrum van sy lewe — in die vryheid van sy hart en gewete — gaan hy die tydelike werklikheid te bowe; trouens, alle wetenskap stuit voor die hart as die poort van die mens se lewe.

In wat dusver genoem en ook nie genoem is nie, lê opgesluit dat die Sosiologie hom veral interesseer in die menslike samelewing, die samelewingsvorme as gemeenskaps- en maatskapsverhoudinge, die handelinge en gebeurtenisse t.a.v. opsommend die volgende:

1. Die dinamiese aard van die menslike samelewing a.g.v. veral 'n proses van sosiale verandering, omdat die samelewing voortdurend aan die verander is.

2. In elkeen van die samelewingsvorme is daar 'n vaste en onveranderlike strukturele orde aan te wys waarvolgens die onderskeie aspekte soos die taal-, die ekonomiese, die estetiese, die juridiese, die liefdesaspek en die geloofsaspek op 'n bepaalde wyse met mekaar saamhang, verbind en op mekaar toegeskape is elkeen met 'n *eie plek en funksie in die geheel.* Dit is hierdie *kennis van die geheel,* t.w. die *strukturele orde,* wat die geheel meer maak as die som van sy dele, wat die geheel maak tot *wat dit is* en tot wat dit *behoort te wees.* Daar is dus in die strukturele

orde van die samelewingsvorme 'n *normatiewe orde* en 'n *feitlike orde* aan te wys in ooreenstemming met die begrippe struktuur en funksioneel resp. in ons opvatting.

3. Die normatiewe aard van die verskillende sosiale strukture lê enersyds opgesluit in die struktuurprinsiep wat afhanklik is van die Heilige Skrif, en andersyds is dit veranker in die geestestruktuur van die mens deur Gods Skepperswysheid so gewil, wat ons apriori aanvaar. Vir die Sosiologie is die struktuurprinsiep struktuurnorm, wat aan die saamhangende en verbandhoudende normsfere in die verskillende samelewingsvorme rigting gee vir die besondere taak en roeping van die mens in die verskillende groepe. Wat hier bedoel word is die normsfere in die verskillende aspekte van die strukturele orde van die samelewingsvorme.

4. Die normatiewe orde van 'n samelewingsvorm word die beste verstaan, begryp en verklaar d.m.v. die struktuurnorm as die kwalifiserende funksie, d.w.s. deur die onafskeidelike korrelasie tussen die bestemmings- en die funderingsfunksie soos dit uitdrukking vind en tot openbaring kom in alle aspekte van die konkrete lewenswerklikheid, nl. in die *feitlike orde*.

5. Die normatiewe orde van die verskillende samelewingsvorme druk d.m.v. die kwalifiserende funksie onophoudelik hulle stempels op die feitlike orde af in die strewe na die hoogs moontlike graad van ideële gelding.

6. Nieteenstaande die verskillendheid van die normatiewe orde van die onderskeie samelewingsvorme, staan hierdie lewensgroepe newe-skikkend en gekoördineerd langs mekaar: enersyds 'n gelykgerigtheid t.a.v. die normatiewe, en andersyds dat die funksies van èn die enkeling èn die groep waarde verkry in die strukturele orde, sodat elkeen dus op sy eie wyse, volgens sy eie aard, doel, taak en bestemming hulp en steun bied aan, om uiteindelik te kulmineer in die geloofsinterpretasie van die kerk as 'n heenwys en heenlei na Bo.

7. Die verbesondering van die normatiewe orde tot struktuurnorm is die positivering en die aktivering van die gelykgerigtheid van die normkomplekse en -sfere tot 'n innerlike krag, wat die lewe, taak en roeping van die enkeling in alle groepsituasies *hier* en *nou* lei en rig in verantwoordelikheid.

8. Die resultaat hiervan is 'n reaksiewyse wat tot openbaring kom in min of meer eenderse patrone van tussenmenslike verhoudinge en gedragswyse, d.i. groepsgedragspatrone of kultuurpatrone in bepaalde gemeenskappe of samelewings. Ook hier is 'n verskeidenheid en verskillendheid in die eenheid van kultuurpatrone in die menslike samelewing aanwesig.

9. Vervolgens is die positiveringsproses by die krisisgedagte en beplanning in die samelewing vir die taak en roeping van die gesag-

hebber in die Sosiologie uiters belangrik. Hierdie kennis in terme van 'n diagnose en 'n moontlike terapie kan dien as 'n belangrike bydrae selfs in die voorkoming, eerder as genesing, van maatskaplike afwykingsverskynsels. Hoewel dit feilbare menslike besinningsarbeid is, kan die navorser tog deur die omsetting van sy hart opklim tot suiwerheid van kennis.

10. Aansluitend by die uiteensetting dusver, let ons op die doel en taak van die Spesiale Sosiologieë soos die Godsdienssosiologie, die Opvoedkundige Sosiologie, die Bedryfsosiologie ens., wat die volgende is:

a. Spesiale Sosiologie, ook genoem Aspeksosiologie, stel 'n ondersoek in na die samelewingsverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse op 'n bepaalde lewensterrein, byvoorbeeld die godsdienstige, die opvoedkundige, die industriële ens.

b. Dit stel 'n ondersoek in na die struktuur van die samelewingsvorm of -vorme, wat spesifiek deur daardie lewensterrein gekwalifiseer word bv. vir die *Opvoedkundige Sosiologie die Skool* ens. Spesiale Sosiologie is dus Sosiologie en struktuur-funksionele teorie van die menslike samelewing.

c. Dit het verder tot taak om 'n ondersoek in te stel na die invloed wat die bepaalde lewensterrein *ondergaan* van die totaliteit van die samelewing, en omgekeerd die invloed wat hierdie lewensterrein *uitoefen* op die sosiokulturele werklikheid. In hierdie verband is van besondere belang die invloed van die norme en die feite van daardie bepaalde lewensterrein op die samelewingstotaliteit, en omgekeerd die invloed van die konkrete sosiale situasie op die positivering en die formulering van die norme vir daardie bepaalde lewensterrein.

d. By alle Spesiale Sosiologieë word 'n redelik goeie mate van kennis van die *aanverwante vakwetenskap* 'n noodsaaklike vereiste.

Vanuit hierdie agtergrond as prinsipieel-tetiese fundering van en enkele kritiese opmerkinge oor die Sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die menslike samelewing, is ons nou in staat om die vraagstuk van die oorbeklemtoning van die empiriese as die antitetiese beskouing oor die Sosiologie soos gemanifesteer in die doel en die taak van die moderne sosiologisme slegs in hooftrekke aan te dui.

(b) *Die vraagstuk van die moderne sosiologisme.*

Die moderne sosiologisme is die sosiologiese vorm van die positivisme onder die klem van die Scientisme in die geesteswetenskappe. Die plek wat die Sosiologie hierin beklee is die van 'n basiese wetenskap en bindmiddel tussen die empiriese gegewens van die aspekwetenskappe.

Die wese hiervan verskil nie van die opvatting van Auguste Comte nie, trouens àl verskil is eintlik dat die toepassing van die natuurwetenskaplike metode in die geesteswetenskappe in sy huidige vorm neerkom

op die volslae kondisionering van die mensdom met die uitwissing van alle grense deurdat die natuurwetenskappe vandag tot 'n baie hoë peil ontwikkel het. M.i. het ons hierin te make met die positiewe stadium in die ontwikkeling van die menslike samelewing waarvan Auguste Comte gespreek het, nl. die oorheersing van die natuurwetenskap op alle lewensterreine en in alle aspekte van die konkrete werklikheid waarin die deurwerking daarvan tot openbaring kom.

Na hierdie kort inleiding, wat geensins 'n voorbedagte aanval op die natuurwetenskaplike ontwikkeling en tegniese uitvindinge is nie, tewens hierop kom ons later terug, vestig ons nou die aandag op die volgende.

Die uiteensetting wat nou gegee word van die Opvoedkundige Sosiologie, het tot vrug Scientisme op die opvoedkundige lewensterrein vanaf die wieg tot aan die graf; ons stel dit soos volg:

a. Die opvoedkundige sosiologiese kursusse is spesifiek opgestel vir die opleiding van onderwysers en het ten doel om uitvoering te gee aan die volgende:

b. Dit stel 'n ondersoek in na die samelewingsverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse op die opvoedkundige lewensterrein;

c. dit stel 'n ondersoek in na die plek en funksie van onderwys en opvoeding in die skool as instrument vir die sosialisering van die kind en vir die oriëntering van die volwassene deur die toepassing van die opgedane kennis;

d. dit stel verder 'n ondersoek in na die invloed wat die opvoedkundige lewensterrein ondergaan in sy wisselwerking met die totaliteit van die samelewing waarby en waartoe die skool en sy funksies aangepas en gerig is en die omgekeerde, nl. die invloed wat die skool uitoefen op die sosiokulturele werklikheid, vereers 'n variasie van sosiale integrasie tot mettertyd sosiale integrasie in universalistiese sin en betekenis.

e. In hierdie verband is van besondere belang die invloed van die sosialistiese norme en die feite van die opvoedkundige lewensterrein op die totaliteit van die dinamiese samelewingstruktuur, en omgekeerd die invloed van die konkrete sosiale situasie met waardetoetssteen „the efficiency of action and conduct" in die formulering van relatiwistiese ervaringsnorme wat groei uit die „real life situations" vir die opvoedkundige lewensterrein.[5])

Soos te verwagte en inderdaad tereg ook, word die volle aandag toegespits op die opvoedkundige lewensterrein, omdat die belangrikheid van opvoeding en onderwys van die indiwidu as *die* middel om die massa te raak en te beïnvloed, terdeë besef word. Alle mense, die volwassenes en die kinders word hierby betrek: die e.g. groep ontvang die kennis, oriënteer hulle en pas dit toe in hulle lewens, terwyl die kinders wat hiervoor vatbaar is, op bewustelike wyse hiermee geïndoktrineer word vir 'n uiteindelike „persoonsroeping".

Hierin gaan dit om die norme en die prinsipes van die Sosiologie as basiswetenskap en bindmiddel tussen aan die een kant die onderwys en opvoeding en aan die ander kant die sosiale wetenskappe en die Sosiale Studies as die instrument vir hierdie selfopgestelde taak.

Die uitgangspunt sentreer om die vraagstuk van, soos Knowles[6]) dit stel, „the major problems of our age deal with human relations, and the solutions can be found only in education" want, poneer Dobinson, „society is the measure of all things."[7])

In die lg. aanhaling lê implisiet en eksplisiet opgesluit die uitgangspunt, nl. die mens en die kind is 'n sosiale wese, m.a.w. hy is *nie* 'n sosiale wese omdat hy 'n indiwidu is nie, maar hy is indiwidu omdat hy 'n sosiale wese is, aldus De Hovre.[8]) Hierdie mens- en kindbeskouing lê ingebed in 'n lewens- en wêreldbeskouing en kom tot openbaring in 'n variasie van graadverskille in die „onderwys as deel van die opvoeding"[9]) oor die hele breedte van die menslike bestaan d.m.v. die interpretasie van die sosiokulturele werklikheid. Lg. word tegelyk gesien as die bron, die doel, die enigste verklarings- en bewysgrond vir alles onder die klem van Scientisme as die jongste uitingsvorm van Eksistensialisme,[10]) omdat slegs dit wat in die geesteswetenkappe gemeet, geweeg, en „beplan" kan word enersyds bestaansekerheid vir 'n ontredderde mensheid bied, en andersyds slegs die variasie van empirisme tot die radikalisme hom leen vir bewerking in hierdie kader.

So 'n geïntegreerde vorm van empirisme en die toepassing daarvan, lei tot die opkomende eenwordende wêreldgemeenskap. In hierdie wêreldgemeenskap is die wekroep 'n voortdurende dinamiese aanpassing d.m.v. menseverhoudinge en gedragswyse soos gemanifesteer in menseregte. Inderdaad tipeer Habermehl[11]) die oorbeklemtoning van die „sosiale"- — die „human relations" — as die mode van ons tyd. Enersyds is hierdie opvatting en die toepassing daarvan nie net die mees ontplofbare dinamiet in die lewe van die mensheid nie, soos Spier dit stel: „De holle leus vrijheid, gelijkheid en broederschap is a-sociaal en revolutionair", maar andersyds is die uitwerking en die manifestasie hiervan, die skrif teen die muur: die afskrywe van die eerste gedeelte van die Wet van God en die verafgoding van die tweede gedeelte, 'n sonde wat nie ongestraf kan bly voortwoeker nie.

Wat is nou eintlik die wesenskenmerke van die onderhawige lewens- en opvoedingsbeskouing? „Scientism is the belief that science can furnish answers to all human problems. (It) makes science a substitute for philosophy, religion, manners and morals. It replaces the experience of a lifetime and wisdom of the ages . . . Scientism is epidemic",[12]) aldus Hobbs.

Nieteenstaande ons positiewe dankbaarheid vir die scientiese vrug van natuurwetenskaplike ontwikkeling en tegniese uitvindinge in ekono-

miese behoeftevoorsiening, is die doel van die Scientisme in die positivisme van die Sosiologie vir die verskillende lewensterreine: „Education for living in a world community in the International organization".[13]) Hobbs kwalifiseer die genoemde aanhaling soos volg: „(by preparing) themselves and the younger generation for the task of developing a classless society".[14]) In hierdie verband word „integrasie" in al sy vorme o.a. deur veral Monroe, Adams en Wesley as die sg. „useful and happy life" in die gelykskakelingsproses voorgehou. Onder meer word met die volgende aanhaling aangetoon dat *geen* prinsipiële standpunt ingeneem word t.o.v. byvoorbeeld grenseuitwissing nie: „It is safe to say that social integration has advanced much further than biological integration in America"[15]) — en niks verder nie!

Om nou die aard en inhoud van die programme van aksie in een lyn met die gelykskakelingsproses te kry, skryf Hobbs:[16]) „Scientism employs the prestige of science for disguise and protection" — dit gaan dus op heel subtiele wyse te werk en gebruik scientistiese tegnieke, soos bv. sofistiese welsprekendheid, geduldige verduideliking op simposia waarin die beswaarmakers hulle standpunt uiteindelik laat vaar, en gewoonlik ontbreek die tyd vir vrae verderaan, ens. Verder is die aard en die uitwerking hiervan „. . . a pattern of beliefs, a set of prejudices, a system of ideas, an ideology, a creed which shapes thinking and affects behavior".[17]) Volgens Monroe is sowel die inhoud as die doel van hierdie programme van aksie sosiaal — d.i. menseverhoudinge en gedragswyse: alles word herlei tot die Sosiologie en die interpretasie daarvan vir die grootste geluk van die grootste moontlike groep mense. Die waardetoetssteen is „efficiency of action and conduct" vir die keuse van die wyer uitkringende ervaringskonstruksies volgens relativistiese norme uit die empirisme van die sosiale wetenskappe wat by die Sosiologie geïntegreer word. Dit is die poging „to make education grow out of real life situations (by confining) all instruction to the applied and the concrete", aldus Davis.[18]) Die keuse van die ervaringskonstruksies geskied volgens 'n materiële kultuurresep, omdat die stoflike dinge — die gebruiksgoedere — deur alle mense benodig word. *Dit* bepaal die tussenmenslike verhoudinge en gedragswyse. Hierdie kultuur is alomteenwoordig.

Aangesien 'n baie belangrike deel van 'n kultuurpatroon bestaan uit gedragspatrone, word hierdie kultuurresep in die hande van die „social engineers" *die* middel om die menseverhoudinge en gedragswyse te kondisioneer tot menseregte vir slegs die stoflike welvaart van die groots moontlike groep van mense. Die proses word vergemaklik o.a. omdat afstand en tyd gekrimp het tot 'n dagreis deur die gebruik van televisie, die pers, die radio ens., almal middele wat die sosiokulturele werklikheid laat lewe vir die mensheid. Geleidelik word die skerp punte van tradisie en die hoër geestelike waardes afgestomp om uiteindelik te verdwyn. Nou

bly slegs uiterlike produktiwiteit oor *sonder* die innerlike of subjektiewe as die noodsaaklike voorwaarde daarvoor.

Nou word ook die indiwiduele verskille in terme van die materiële kultuurpatroon, en ook ander grense tussen mensegroepe, weggeredeneer. M.a.w. die *groep* kry hierin 'n stimulant, wat die opvatting van die sosiologiese kondisionering van die mensheid bevrug.

Die aanhangers van so 'n ideologie vind, soos Hobbs dit stel, veral sy beslag in die intellektualisme, d.i. sekere intellektueles, onder wie pedagoë, geestelikes, predikante en juriste. *Die mensegroep* is die sg. „New Leaders" — die „zealots of scientism", wat alles op rasionalistiese, realistiese en objektiewe wyse *sonder* vooroordele verduidelik en dusdoende die vaandel van progressivisme met die universalistiese verlossende kultuurresep vir bestaansekerheid dra en verbrei.

Die oorheersende en integrerende kenmerk is praktiese sosiale doeldienlikheid. Die finaliteitsdoelstelling van die Pragmatisme as uitingsvorm van wêreldsosialisme, oorskry in sy eksperimentalistiese openbaringsvorme nêrens die ervaring tot iets hoërs nie. Hierdie hoogste waarheid geld ook vir 'n teorie, wysbegeerte en godsdiens. Om slegs maar *een* voorbeeld te noem, nl. godsdiens wat geen kultuur is nie, word vanuit *die* kultuuropvatting van die „Moulders of American Mind" gekritiseer in terme van die sg. „cultural lag", d.i. omdat godsdiens en tradisies dan nie aangepas sou wees by die moderne wêreldontwikkeling nie. Meer nog, die kultuurerfenis as die sosiaal-kultuurhistoriese verworwenhede word bestempel as „the accumulated rubbish of the past", aldus Hobbs.[19]) Die kenmerk e.a. gaan mank aan 'n uiterste veralgemening — mens kan dit ook verklaar, want godsdiens, die militêre, intellektuele belange, tradisies ens., strem die vooruitgang van die eenwordende wêreldgemeenskap omdat dit *nie* die grense vernietig wil sien nie. Hierdie grense lê in die pad van die Progressivisme.

Die vrug van die werkwyse van die „nuwe leiers" mond uit in 'n mensgekondisioneerde Utopie, waaruit uiteindelik alle disharmonie en wrywing moet verdwyn. Met die voorgenoemde kultuurresep word die aard hiervan vir ons duidelik met 'n aanhaling van 'n reeds aangehaalde outoriteit, nl.: „to create an area of low pressure into which this ideology can flow against little resistance. It must first tear down ... moral and ethical codes ... and destroy the belief that integrity, honesty and character are adequate guides to civilized conduct".[20]) In hierdie kader word die verskillendhede tussen indiwiduele mense weggeredeneer en die uiterlike ooreenkomste in reaksiewyse oorbeklemtoon om in te pas in die groepsopvatting.

In so 'n mensgeskepte lugleë ruim is slegs plek vir Nihilisme, Skepsis, Sinisme en die Leuen. Die willekeurig genivelleerde en gedegradeerde normatiewe orde vir die „nuwe" samelewing word bepaal deur „facts to

affect life" *sonder* die „principles to govern life".[21]) Die inhoud en doel wat sosiaal is mond uit in 'n kulturele determinisme, d.w.s. die gekondisioneerde menseverhoudinge en gedragswyse met die klem op die materiële, en veral die ekonomiese verhoudinge. In hierdie verband skryf Brillenburg Wurth die volgende: „de twee grootmachten van de hedendaagse cultuur zijn juist de techniek en de economie geworden".[22]) M.a.w. die kulturele determinisme word bepaal deur die ekonomies gekondisioneerde verhoudinge, ofte wel 'n variasie van Kommunisme.

Die grondliggende onderstroming in hierdie ideologie sentreer om begrippe soos morele herbewapening, morele relatiwisme, passifisme, liberalisme met basiese deugde en ***nuwe sentimente*** soos „tolerance, equality, freedom, utility, happiness, integration", en veral word die proses van sosiale verandering in die Progressivisme, die sg. „winds of change" onderstreep.

Die tussengeleidinge van die gematigde tot die radikale vorm van empirisme in die programme van aksie op die verskillende terreine van die lewe is onaanvaarbaar, want „those with a strong feeling for religious and moral principles and of ethical standards are less enamoured of the minute philosophy of liberal scientism".[23])

Gesien teen die agtergrond van die nuwe feitlike orde wat die normatiewe orde omgekeer het, word die weg geleidelik gebaan vir 'n superwêreldstaatorganisasie en 'n superwêreldkerkorganisasie waarin nie net alle grense uitgewis moet word nie, maar ook die verskeidenheid moet geleidelik verdwyn waarin slegs die gelykgeskakelde menseenheid sal oorbly.

In 'n sondige eenwordende maatskaplike masjien met robotmense van 'n demokraties-sosialistiese orde, is die resultaat orals dieselfde en wel soos o.a. Röpke dit stel: „It leads to the same fatal result: to Inhumanism, Materialism and Collectivism . . . Their final mass product is the civilized barbarian, the spiritually stark naked savage".[24]) Dit is die beeld van die massamens van die totalitêre wêreldstad van Sosialisme in ***tinte van rooi tot vuurrooi:*** die volwasse mensheid wat reeds die weg bewandel en baie duisende wat die kennis opdoen, hulle oriënteer en dit toepas om op dieselfde weg te kom — die aanpassing *sonder* beheersing.

In hierdie verband kan ons die volgende eienskappe noem waarin die gesonde beginsels skeef getrek word om uiteindelik te verdwyn — d.w.s. daardie eienskappe wat bydra om die sosialistiese lewens- en wêreldbeskouing te bevorder in terme van die totalitêre wysgerige siening wat die perspektiewe open vir massifikasie. Hierin ontbreek die basiese bindinge aan die hoëre lewenswaardes en -norme; ons noem enkele vraagstukke, nl.: die aard en oorsprong van gesag en die idee van vryheid; die religieuse oorsprong van die huidige geestelike verval; die verabsolutering van ôf die persoon ôf die gemeenskap; die aard en selfstandigheid

van die samelewingsvorme; die vertroue op 'n sg. elite en die berusting in die bestaan van die massa; 'n oordrewe verwagting van die wetenskap, van oorspesialisasie, van beplanning tot „efficiency" en van 'n natuurwetenskaplike orde; die oorwig van 'n sekerheidsideaal en 'n eensydige oriëntasie op ekonomiese maatstawwe; die toenemende eiendomsbesitlose mensdom en vryetydsbesteding.

Hierdie sake het almal te make met die opvoedkundige lewensterrein. *Na* die voorgaande algemene tipering wat geld vir die volwassenes, skenk ons nou aandag aan die kinder- en jeugopvoeding wat die stempel van hulle ouers dra.

Die skool en spesifiek die laerskool is die stigtingsaktiwiteit van roepingsbewuste ouers om die nuutgevonde kennis en onderwys as deel van die opvoeding ten gevolge van die kultuurontwikkeling uit te bou as aanvulling en afronding van die gesinsonderwys.

In die kader van die lewens- en opvoedingsbeskouing waarin dit in hierdie bespreking in breë trekke gaan, word die Sosiale Studies vir die laerskole in 'n variasie van graadverskille tussen die gematigde en die radikaal geïntegreerde ervaringsveldleergange aangebied. Oòk dít is die vrug van die arbeid van die „social engineers".

Wanneer egter die gematigde indoktrinasie met die onderwys van die Sosiale Studies aanvaar word, is die kanse om terug te keer tot die organiese opvatting van die opvoeding, uiters gering: enersyds is dit 'n naaste bloedverwant van die uiterste vorm van empirisme op fenomenologiese standpunt en metode as die *enigste* in die verskeidenheid, en andersyds begeester dit met die resultaat in terme van eksperiment, d.i. deur meting en toetsing.

Hoe wydlopend die sosiologisme in die huidige onderwys- en opvoedingstelsel is, blyk uit 'n aanhaling o.a. van Ottaway[25]): „It is concerned with educational aims, methods, institutions, administration, and curricula, in relation to the economic, political, religious, social and cultural forces of the society in which they function ... In the education it concerns the influence of social relationships". Moore en Cole bevestig die sosiologistiese vorm vir die interpretasie van die soort onderwys met „*sociology is the most general and the most basic of the social studies*".[26])

Die doelstelling met die Sosiale Studies is sosiaal. Ons het hier te make met 'n herleiding van alles wat die kindergroepe moet bemeester tot die „tussenmenslike verhoudinge in groepe", d.w.s. die sosiale is die kerngebied van studie van die Sosiologie. Dit is om hierdie rede dat die doelstelling van die Sosiale Studies „Education for living in a World Community"[27]) is — 'n rigting wat *Unesco* al meer onderstreep.

Oor die innige verband tussen die sosiale wetenskappe en die Sosiale Studies skryf Adams en Wesley soos volg: „The social studies are the social sciences simplified and organized for instructional purposes".[28])

Die samestel van die immer wyer uitkringende geïntegreerde ervarings-veldleergange vir die laerskool bestaan uit 'n komglomeraat van konkrete sosiale situasies uit die aspekwetenskappe, waarby ook godsdiens gevoeg is! „The social studies include important sections of geography, history, civics, economics, sociology and anthropology",[29]) wat daardie poging is „to make education grow out of real life situations", aldus Davis.[30])

Nieteenstaande die feit dat Adams en Wesley sê: „The social studies must be easy, appealing and above all learnable", is hierdie sosiale feite reeds vir die kindergroepe bekend en verg dit die uiterste van die onderwyser t.o.v. *sy aanleg vir die „sosiale"* en *die rekonstruksie van die groepsaktiwiteite sodat die situasies ervaar kan word.* Hieroor lees ons die volgende: „The sociological implications of method",[31]) wat óók 'n fyn aanvoeling en baie studie vereis van *al* die sosiale wetenskappe.

Dat alles nie pluis is met die „omnibusmetode" van die Sosiale Studies nie, word erken deur die grootste voorstanders daarvan met die volgende: „*Regardless of curriculum theory,* teachers must go on in teaching the actual situations in a real life way".[32]) Oor die wetenskaplike aard van die Sosiale Studies al dan nie, antwoord Hobbs soos volg: „It is *not philosophical, or even theoretical,* it is *merely practical*... a matter of convenience... *It is neither social nor science, it is scientism*".[33])

Wanneer Davis hom uitlaat oor die kultuurresep wat ook by die Sosiale Studies van toepassing is vir die kondisioneringsproses van die menseverhoudinge en gedragswyse as produk van die groep, sê hy: *„some of the reforms however, have missed the point... not realizing that since modern culture rests on abstract knowledge, to confine all instruction to the applied and the concrete, would soon produce stagnation"*.[34]) M.a.w. in alle hervormings- en vernuwingspogings in die onderwys word met hierdie programme van aksie die beginsel oor die hoof gesien dat die *abstrakte in die kultuur binne die mens self lê* — die subjektiewe as die *noodsaaklike voorwaarde* vir die skepping van kultuur deur die *vormende vermoë van die mens as aksiesentrum.*

'n Baie belangrike deel van 'n kultuurpatroon is 'n gedragspatroon: die min of meer eenderse reaksiewyse van 'n groep mense t.o.v. bepaalde sosiale situasies soos dit tot openbaring kom in hulle mens-medemensverhoudinge, handelinge en in gebeurtenisse. Nou is alles situasies konkreet ervaarbaar t.o.v. slegs die stoflike roeping óf beter, beroep.

Die beïnvloeding, vorming en ontwikkeling van die wordende persoonlikheid óf persoonsroeping, is 'n ekonomisties-tegniese wat die verhoudinge en gedragswyse betref. Dit word weerspieël met die ekonomiese en sosiologiese kriteria by die samestel vir die sg. leerplan, hoewel toegegee moet word dat alles moontlik gedoen word d.m.v. eksperimente om die beste vir die sosiale beroep te verkry.

Ons verplaas die aandag nou na veral die geïntegreerde vak nl.

„Geskiedenis" in die laerskool. Nadat die „social engineers" met hulle arbeid i.v.m. scientisme in hierdie vakwetenskap vir die laerskool klaar is, bly slegs die konkrete sosiale dinge oor, terwyl die ***wese van Geskiedenis met sy finaliteitsdoelstelling*** in die slag bly. Geskiedenis word gereduseer van die historiese voortgangswet — die taak en roeping, dus historiese voortgangsnorm waarin progressie met die goeie van die tradisie as die behoudende en remmende mag van die verlede die moontlike wegpeiler vir die toekoms is — tot die historistiese metode of benaderingswyse waarin net plek is vir progressie ter wille van progressie — dus Progressiwisme. Die lg. sien ewenwel geweldige ontwikkeling en vooruitgang in die samelewing en kultuur, maar dit bring historiese ontworteling mee met modernistiese veruitwendigde oppervlakkigheid en wêreldgelykvormigheid. Die stewige sement wat die gesonde opvatting meebring, word vernietig. Die plek hiervan word ingeneem deur die stoflike roeping in terme van die materiële kultuur waarvoor die kind toeberei en voorberei word — die potensiële burger van die superwêreldstaatorganisasie, i.p.v. geestelike integrasie omdat die Woord van God dit nastreef.

Sonder om in die besonderhede te tree, kan volstaan word met die bewering dat die positiewe doel en funksie van Geskiedenisonderwys in die laerskool ***die*** middel is om die indiwiduele en persoonlike gesindheid met sosiale visie en besluit te ontwikkel en te vorm. Opvoedkundig-sosiologies is die taak en funksie dus kultuurhistories en ***nie*** kultuursosiologies nie. As dit die lg. is en met die oorbeklemtoning van die materiële in die konstellasie van die saamgeflanste relativisme van die norme slegs op feite gebaseer, loop die hele onderwys en opvoeding uit in die massadelta van wêreldsosialisme met sy variasies.

Die administratiewe en organisatoriese aspek van hierdie onderwys- en opvoedingstelsel is, behalwe dat ons in die Republiek veel van die stelsel van bv. Amerika en Engeland kan leer, gerig op die gevare wat die oorbeplanning in terme van die „sosiale" nie net vir die Republiek van Suid-Afrika inhou nie, maar veelal vir die wêreld. Die jeug van vandag is die volwassenes van môre — oor tien, vyftien of twintig jaar.

Die beplanning, met ook die goeie en gesonde, vereis sekerlik prinsipiële en wetenskaplike besinning oor die tussenmenslike verhoudinge wat vandag allesoorheersend is. Die plek wat die Sosiologie vandag oor die hele wêreld inneem as vakwetenskap en die toepassing van die kennis en gegewens, word nie deur die mense in die samelewing van ***ons*** sonnige land besef nie. Die enigste wyse waarop hierdie besinningsarbeid tot sy reg kan kom, is om deur ***besinning en studie sterk op die prinsipiële standpunt te staan.*** Dit bring egter ***nooit*** isolasie mee nie, trouens òòk ***ons*** bevind ons ***midde in die menslike samelewing,*** en ons moet doen wat ons hand vind om te doen met alle mag soos die taak en veelheid van roepinge uit die differensiasie van die samelewingstruktuur in alle kultuuraspekte

van ontwikkeling op alle terreine van die lewenswerklikheid tot ons kom. Ook óns hervormingspogings tot vernuwing van die menslike samelewing behou die band met die wêreldwye moderne sosiologiese denke; trouens, 'n Middeleeuse vorm van ekklesiasme met oogklappe aan om die moderne sosiale verskynsels uit te sluit of te verdwerg, bring ons nêrens nie, al is ons beskouing ookal hoe mooi en goed! dit moet die lewenswerklikheid en -praktyk omhels.

Die mensheid se taak is sekerlik nie net om prinsipieel afwysend te staan nie, maar om inderdaad bestrydend en aktiverend op alle lewensterreine op te tree. Gebeur dit nie, staan ons in isolasie met roepende stemme in 'n barre woestyn, terwyl „the foray of the zealots of scientism has developed into a rolling barrage, so persistent that we are deaf to its thunder, so subtly contrived that we laud the attacker as a protecting friend", sê Hobbs.

Oor die omvang, uitwerking en die realisering van al die programme van die sosiologisme onder die klem van Scientisme in die natuur- en geesteswetenskappe, moet nie tot die ander uiterste gegaan word om alles te wil vergodsdienstig nie — daarmee kán en sál ook geen sukses behaal word nie. As sou dit dan ook bedink word in ons besinningsarbeid, gaan die werke van Scientisme voort en vang duisende daagliks vas in die tentakels van die moderne sosiologisme. Ewenas Spengler in *Die Untergang des Abendlandes,* teken òòk Ropke die volgende beeld waarop die moderne wêreld afstuur: d.i. t.o.v. beide vorme van Scientisme reeds genoem: „The one is externally directed and acts like dynamite, destroying Western civilization from without; the other, is internally directed (and acts) like a corrosive acid, destroying Western civilization from within".[35])

4. *Ten besluite enkele samevattende gevolgtrekkings.*

1. In die plek van die nie-Christelike (Humanisme en heidense) opvatting op immanente standpunt, aanvaar ons die Christelike beskouing op transendente standpunt t.o.v. die organiese opvatting van die lewensverhoudinge.

2. Die Humanistiese gelykskakelingspogings tot vernieuwing van die mensheid, die manifestering daarvan in die lewenswerklikheid is a-sosiaal en rewolusionêr en moet verwerp word. Al hierdie pogings beoog die uitwissing van alle grense, omdat almal ten doel het die uitlig van die algemene sosiale modale aspek uit sy kosmiese samehang en verband, en die verafgoding van die sosiale, d.i. die sosiologiese.

3. Die Sosialistiese lewens- en wêreldbeskouing tree sterk na vore deur die sosiologisme. In so 'n versosiologisering van alles en die sosiokulturele werklikheid wat hieraan nie net ten grondslag lê nie, maar die enigste bewys- en verklaringsgrond in die lewenswerklikheid word met 'n relatiwistiese feitlike orde, is 'n radikale empirisme en lei tot 'n variasie

van kulturele determinisme, beter nog ekonomiese determinisme: 'n variasie van Sosialisme.

4. Die vernaamste kenmerke van Sosialisme is Progressiwisme en Eksperimentalisme. In hierdie verband sê 'n skrywer: „There is a danger of becoming too deterministic ... Or again, desirable as is the application of scientific method ... *there is a danger, in so analysing, of becoming so intoxicated by the pleasure of the game of scientific analysis and verification that something living individual human beings or social groups with their individual ethos, slips through the analytic meshes. Intellectually vested interests easily spring up, and with them fragmentation and distortion of the whole truth*".36)

5. Positief gaan dit in so 'n prinsipiële studie om die beskouing en handhawing van vertikale en horisontale integrasie: die hegte en duursamer bindinge in die konstante in die Skeppingsorde gegronde samelewingsvorme, die wisselwerking, vervlegting en samewerking met mekaar — d.w.s. die behoud van eie identiteit te midde van almal in 'n verskeidenheid van wêreldeenheid met samewerking op internasionale gebied van handel, geld, bankwese, ekonomie, kuns, kultuur, wetenskap, onderwys ens.

6. Die herleiding van alles tot menseverhoudinge slegs vir praktiese sosiale doeldienlikheid moet verwerp word. Teenoor hierdie Progressiwisme in die beskouing oor die verbinding van die strukture van die opvoeding met die samelewing moet die onderwys gekenmerk word deur die aard, wese, taak. roeping en bestemming van my eie opvatting in die slotbeskouing.

7. Teenoor die Progressiwisme van die historiese voortgangsnorm, aanvaar ons progressie in die historiese voortgangsnorm met reformasie vir alle terreine van saamlewe.

8. Tegelykertyd hou hierdie beskouing in die volledige erkenning en die toepassing vir die praktyk van die beginsel van soewereiniteit in eie kring vir die onderwyserskorps, sodat bv. die aanstelling van 'n inspekteur van onderwys nie deur die staat sal geskied nie ens.

9. Die waarheidsmoment is seker dat alle mense hulle midde in die samelewing bevind en dat elkeen voor- en toeberei word daarvoor. Ons opvatting reik egter veel dieper, nl. na die Oorsprong uit Wie, tot en deur Wie alle dinge is, sodat die voor- en toebereiding vir die wordende persoonsroeping van die kind en mens sal wees volgens 2 Timotheus 3 vers 17.

10. By die onderwys in die skool gaan dit in die eerste plek om die opleiding van die onderwysers. Dit bring mee dat saam met die lewens- en opvoedingsbeskouing, die Opvoedkundige Sosiologie bestudeer moet word binne die kader van die Teoretiese Opvoedkunde.

11. Die Sosiale Studies is *die* vrug van die Opvoedkundige Sosiologie, daarsonder kan die doseerwerk van die Sosiale Studies *nooit* prinsi-

pieel, d.i. teoreties, empiries en prakties tot sy reg kom nie.

12. Wat andersins 'n baie mooi rigting in die vernuwingsgedagte van die laerskoolonderwys en -opvoeding kon gewees het, word ongelukkig belemmer: eerstens, deur die benaming — ons verkies Omgewingsleer i.p.v. Sosiale Studies; en tweedens, deurdat Geskiedenis (weens sy aard, wese, doel en taak) en die onderrig daarvan in die laerskool glad nie in die raamwerk van die konkrete sosiale ervaringskonstruksies van die Sosiale Studies inpas nie.

13. Daar moet 'n ernstige studie gemaak word van die „sosiale" aspek in terme van die sosiologiese t.o.v. die korrelasie van elke laerskoolvak, en verder moet vasgestel word watter bydrae elkeen afsonderlik en gesamentlik tot die kennis, kundig- en vaardighede in die ontwikkeling en vorming van 'n gebalanseerde persoonlikheid vir 'n eie persoonsroeping in die geskiedenis kan lewer. Die studie geld ook vir Geskiedenis en die onderrig daarvan, *maar* dit moet afsonderlik as 'n skoolvak gedoseer word.

14. Die Sosiale Studies in die omlysting van die Opvoedkundige Sosiologisme moet verwerp word. 'n Eerste vereiste in die laerskool is kennis, kundig- en vaardighede, die aktivering van die konkrete, en geleidelik tot die abstrakte, vir 'n wordende persoonsroeping in die veelheid en verskeidenheid van groepsituasies. Die wese van die strukture van die laerskoolonderwys as deel van die opvoeding en van die samelewing, moet gekenmerk word deur die aard van die onderwys. Die opvatting moet wees: die skool is sekondêre samelewingsvorm, omdat *dit* wat vir die skool primêr is, vir die taak en roeping van die ander gekoördineerde samelewingsvorme sekondêr is.

Die aard van die onderwys in die laerskool moet gekenmerk word deur die analitiese en die estetiese interpretasie van die skoonheidstruktuur van die geskapene in die Skepping. Op hierdie wyse gesien, dra elke verskillende samelewingsvorm op sy eie wyse, volgens eie aard, oorsprong, roeping en bestemming by tot die taak van die gesinsopvoeding. In hierdie afrondingsproses verskaf o.a. die Sosiologie aan die onderwyser die insig in veral die skool as *een* van die samelewingsvorme, wat sy deel bydra tot die vorming en ontwikkeling van die wordende persoonsroeping van die kind. Die skool doen dit met sy eie herkoms en stempel, met sy eie aard en karakter, met sy eie doel en bestemming, met sy eie lewensruimte en lewensvatbaarheid, met sy eie sfeer van gesag en vryheid, met sy eie onderwys- en opvoedingstaak, en met sy eie middele wat hy op sy geheel eie wyse uitvoer.

15. *Slotbeskouing.*

My opvatting en belydenis omtrent die wetenskapsbeoefening van die Sosiologie is nl.: dat ook die kennisbydrae van die Sosiologie met

die aard van die Hoëronderwys as deel van die opvoeding en oriëntering, deur die analitiese en die estetiese interpretasie van die skoonheidstruktuur van die sosiokulturele werklikheid in die Skepping, op sy eie wyse, volgens eie aard, doel, taak en metodes, hulp en steun bied aan, om uiteindelik te kulmineer in die geloofsinterpretasie van die kerk, wat sowel heenwys en heenlei na Bo as liefdediens in my verhouding tot my naaste in terme van vertikale en horisontale integrasie.

Hooggeagte here lede van die Raad van die P.U. vir C.H.O.,

Hooggeleerde mnr. die Rektor van die P.U. vir C.H.O., dis my 'n besondere eer en voorreg om U namens my vrou en kinders opreg te bedank vir die vertroue in my gestel deur die bevordering tot so 'n hoë pos. Die groot verantwoordelikheid hiervan besef ek terdeë. Die koers en rigting van die wetenskapsbeoefening in my Departement bring dit mee — U het dit so ewe verneem. Dit wil ek deur Gods genade roepingsgetrou handhaaf.

Geagte Kollegas: professore, dames en here lektore, graag werk my Departement met u saam in die gesindheid om die wetenskapsbeoefening „In U Lig", nie net te verwesenlik nie, maar om dit ook daadwerklik uit te bou.

Dames en here studente, my taak en funksie kan die beste verwerklik word deur die persoonlike dosent-studentverhouding. In hierdie oordragsfunksie en gees is ek tot u beskikking in u pogings tot besinningsarbeid op hierdie vakwetenskaplike gebied.

Dames en here, vir u geëerde teenwoordigheid en belangstelling my opregte dank.

## BRONNELYS MET ENKELE VOETNOOTVERWYSINGS:


Beck, R. H.; Cook, W. W. en Kearney, N. C.: Curriculum in the modern elementary school; Prentice-Hall, New York, 1953; voetnoot 32 p. 269.

Brillenburg Wurth, G.: De antithese in dezen tijd; Kok, Kampen, 1910; voetnoot 22 p. 33—34.

Chinoy, E.: Sociological perspective. Basic concepts and their application. Doubleday, New York, 1955.

Coetzee, J. Chris: Inleiding tot die algemene Teoretiese Opvoedkunde, Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1944.

Collier, K. G.: The social purposes of Education; Routledge en Kegan Paul, London, 1959.

Davis, K.: Human society; MacMillan, New York, 1949; voetnote 5 p. 228; 18 p. 228; 30 p. 228 en 34 p. 228.

De Hovre, F.: Paedagogische Wijsbegeerte. Een studie in de moderne levensbe-

schouwingen en opvoedingstheorieën. 's-Hertogenbosch-Antwerpen, 1924; voetnoot 8 p. 80.

Dengerink, J. D.: Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der „souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeu. Kok, Kampen, 1948; voetnoot 2 p. 191.

Dobinson, C. H.: Education in a changing world. Oxford at the Clarendon press, 1951; voetnoot 7 p. 114; 36 p. 106.

Habermehl, D. N.: Ons dagelijks werk. De Christen in de industrie; Kok, Kampen, 1959; voetnoot 11 p. 67.

Havighurst, R. J. en Neugarten, B. L.: Society and education. Allyn en Bacon, Boston, 1957; voetnoot 13 p. 348; 15 p. 306; 27 p. 349.

Hobbs, A. H.: Social problems and scientism. Stackpole, Pennsylvania; 1953; voetnoot 12 p. 17; 14 p. 32; 16 p. 17; 17 p. 17; 19 p. 28; 20 p. 25; 21 p. 20; 23 p. 359; en 33 p. 17.

Journal for Realists, The South African Observer; Pretoria, 1956.

Kooistra, R.: De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie; Wever, Franeker, 1955.

Knowles, M. S.: Informal adult education. A guide, for administrators, leaders and teachers; Association press, New York, 1950; voetnoot 6 p. 8—9.

Lysen, A.: Individu en gemeenschap; N.V. Servire, Den Haag, 1954; voetnoot 4 hoofstuk 3.

MacIver, R. M.: Society. A textbook of Sociology; Rinehart, New York, 1937.

Monroe, W. S. (ed.): Encyclopedia of educational research. A project of the American Educational Research Association; MacMillan, New York, 1952.

Moore, C. B. en Cole, W. E.: Sociology in educational practice. Houghton, New York, 1952; voetnoot 26 p. 353; 29 p. 352 en 31 hoofstuk 16.

Ottaway, A. K. C.: Education and society. An introduction to the Sociology of Education; Routledge en Kegan Paul, London, 1955; voetnoot 25 p. 1—2.

Popma, K. J.: „Opvoeding, Onderwijs, schoolverband" in Philosophia Reformata; Kok, Kampen, kwartale 1, 2 en 3 van 1944; voetnoot 9 p. 37 1e kwartaalse uitgawe.

Popma, K. J.: Calvinistische Geschiedenisbeschouwing; Wever, Franeker, 1945.

Röpke, W.: Civitas Humana. A humane order of society; Hodge, London, 1948; voetnoot 10 p. 65; 24 p. 65; 35 p. 65.

School and society. Le Play House, London, 1945.

The British Journal of Sociology; Routledge en Kegan Paul, London, 1955.

Transvaalse Onderwysdepartement. Voorgestelde leergang vir Sosiale Studies in die laerskool. Staatsdrukker, Pretoria, 1959.

Van der Walt, J. P.: 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die Opvoedkundige Sosiologie, met spesiale verwysing na die laerskool. (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif).

Van Dyk, R.: Enige opmerkingen over Sociologie als wetenschap; Van Hoeve, 's-Gravenhage-Bandung, 1944.

Van Dyk, R.: Mens en medemens. Een inleiding tot de algemene Sociologie; Zomer en Keuning, Wageningen; voetnoot 1 p. 16; 3 p. 38.

Waterink. J.: Theorie der Opvoeding; Kok, Kampen, 1951.

Wesley, E. B. en Adams, M. A.: Teaching social studies in elementary schools; Heath, Boston, 1952; voetnoot 28 p. 10—14.

Wirth, L.: The significance of Sociology in International Social Science Bulletin; Unesco publication, Summer 1951.